Wat is jou vraag vir Stephan?:

Dag Stephan,

Kan jy asb riglyne verskaf rakende verassing - is dit `n heidense gebruik of Bybels verantwoordbaar? Dieselfde vraag is ook op die sg 'mure van herrinnering' van toepassing waar die as van gestorwenes gestoor word. Ek persoonlik dink nie dit is heidens nie, maar is daar vrae rondom verassing en `n muur van herrinnering binne ons gemeente en daarom jou inset om konstruktief aan die 'debat' deel te neem.

Met dank.

Dankie vir jou vrae. Weet jy, die Nuwe Testament is nie besorgd oor ons begrafnisgebruike nie. Die rede is eenvoudig - ons is *post mortem* reeds bewustelik by die Here. Hieroor is veral Openb 6 baie duidelik. So ook Filippense 1 en Lukas 16. In Joodse kringe was sommige Fariseers gekant teen lykverbranding vanwee hulle geloof dat die Here ‘n stukkie gebeente van die gestorwende moes oorhou om hom of haar op die laaste dag op te wek. Die N.T. deel hoegenaamd nie hierdie beskouing nie. In beginsel sou daar m.i. geen dwingende teologiese beswaar oor verrassing of mure van herinnering as sodanig kon wees nie. Dis dalk veel meer ‘n saak van eie aanvoeling en bepaalde tradisies rondom begrafnisgebruike as noemenswaardige Bybelse redes.

Vrede

Stephan